

MPUMALANGA VOORLIGTING NUUSBRIEF

Komatipoort

MARIUS ADENDORFF

Komatipoort Meule, Squamans Plaas, 
+27 (0)83 655 5011 
marius.adendorff@sugar.org.za 



MARIUS
ADENDORFF

Malelane

JAN ERASMUS

MCGA Gebou, Mhlati Plaas, 
+27 (0)66 114 0656 
jan.erasmus@sugar.org.za 



JAN
ERASMUS

P&D

KARLIEN TRÜMPELMANN

Laeveld LPD&VCC Kantoor, Mhlati Plaas, 
+27 (0)83 335 3846 
karlien.trumpelmann@sugar.org.za 



KARLIEN
TRÜMPELMANN

Blom-opdatering

Die blomindeks vir alle areas in Mpumalanga toon dat die vlak van blomvorming baie hoog sal wees gedurende die 2023-2024 seisoen. Dit is a.g.v. die klimaat toestande gedurende Maart wat ideaal was vir blominiëring.

Blomme op suikerriet kan beide opbrengs en kwaliteit negatief beïnvloed en kan sodoende RV-opbrengs beperk, indien oes vir te lank na blomvorming uitgestel word. Kwekers sal derhalwe aandag moet gee aan die kapprogram, veral laat in die seisoen.

Blomvorming sal aanvanklik as 'n baie sterk rympmaker stimulus optree omdat dit **verdere stronk groei verhoed**, sonder om sukrose produksie deur volwasse groen blare te affekteer. Dit gee aanleiding tot versnelde stoor van sukrose in die stronk (natuurlike rympmaking). Blomvorming sal derhalwe in die kort-termyn kwaliteit (RV%) verbeter, wat sal opmaak vir die verlies in opbrengs (t/ha). Navorsing toon dat blomvorming RV-opbrengs (tRV/ha) sal verbeter mits **die riet voor die einde van September goes word**.

Om oes verder te vertraag sal RV-opbrengs verlaag weens laer riet opbrengs en kwaliteit agteruitgang, asook uitloop van sy-lote, die potensiële voorkoms van suurvrot en die veroudering van volwasse groen blare wat verantwoordelik is vir fotosintese.

Beste bestuur praktyke van blommende riet

- Blommende lande behoort voor die einde van September goes te word, indien meer as 20% van die stronke blom.
- Die top-hoogte van blommende suikerriet is baie belangrik, veral as daar baie pitvorming voorkom. In sulke gevalle is dit raadsaam om stronke laer te top.
- Moet nie blommende riet oordra nie, veral nie as meer as 20% van stronke blom.
- Blommende suikerriet word meer vatbaar vir eldana, en as dit te lank gelos word, ook vir suurvrot.
- Blomvorming stop vegetatiewe groei en opbrengs sal nie verder toeneem nie. Wees derhalwe versigtig om die stronk-opbrengs nie te oorskat nie.
- Moet nie lande met hoë vlak van blomme (meer as 20% stronke met blomme) chemies rympmaak nie. Dit sal addisionele stres op die riet plaas.

Faktore wat blomvorming beïnvloed (asook pitvorming gekoppel aan blomvorming)

- **Daglengte** - Blominisiëring vind plaas wanneer die daglengte naastebly 12.5 ure of korter is. In Suid-Afrika kom die blominisiëring periode voor gedurende die laaste drie weke van Maart.
- **Temperatuur** – Nag temperature van 18°C en hoër gedurende die blominisiëring periode verhoog blomvorming aansienlik. Dagtemperature bokant 32°C gedurende die blominisiëring periode sal blomvorming onderdruk.
- **Grond vog** – Voldoende grondvog (voldoende reën en/of besproeiing) sal aanleiding gee tot hoër vlakke van blomvorming. Die teenwoordigheid van 'n watertafel sal blomvorming verder verhoog.
- **Bemesting** – Stikstof (N) en fosfor (P) tekorte stimuleer blomvorming. Die potensiële onderdrukkende effek van die toediening van addisionele N en P (bokant gewasbehoefte) sal uitgekanselleer word deur die sterk invloed van die ander stimulerende faktore.
- **Variëteit** – Sekere variëteite blom meer geredelik as ander omdat die geneigdheid om te blom geneties vasgelê is. Dit word aanbeveel om in Suid-Afrika variëteite met 'n lae geneigdheid tot blom, in lande wat na September geoes word te plant.

VARIËTEITE SE GENEIGDHEID OM TE BLOM		
YL	MATIG	OORVLOEDIG
N19	N43	N14
N25	N60	N17
N26		N23
N40		N36
N41		N53
N46		N70
N49		
N71		
N73		